Rut 1:1-22 - Die belangrikheid van die betekenisse van die name in die Feesrol, Rut.

Die lokaliteit van "gode" – God se heerskappy strek tot in die vreemde, Moab.

Moabitiese god – Kemos. Die negatiewe ingesteldheid jeens Moab: Ontstaan uit bloedskande (Gen. 19:30-38), Moabitiese weerstand om oor hulle gebied te trek na Beloofde Land (Num. 22-24), die Moabitiese vroue verlei Israelitiese mans agter afgode (Num. 25:1-9), Moabiete uitgesluit word uit die geloofsgemeenskap (Deut. 23:3-6) en onderdrukking deur Eglon, koning van Moab (Rig. 3:15-30).

Die identiteit in antieke tyd bepaal deur etnisiteit (jou volk), lokaliteit (jou land), jou familie, taal en teologie.

Die sekuriteit binne 'n patriargale (man, seuns, uitgebreide manlike familie) familiesisteem.

Levir – latyn vir swaer (leviraatskap – Deut. 25:5-10) (sien p. 6-7 in Rut: God deur mense by mense).

Die beskerming van "vreemdeling" in antieke tyd deur gasvryheid en beperkte regte.

1:1-2	1:3-4	1:5-7
A – krisis B – karakters C – trek en vestiging	A – krisis B – karakters C – vestiging	A – krisis C – trek

Rut 1:1-2

Rigters leiding geneem het – God (Jahwe Koning) was hulle Koning en het rigters gestuur om te regeer (sien Rigters). Rigters-tydperk (1050-940 vC) tussen die dood van Josua en die kroning van Saul (1 Sam. 10).

Rigter-tydperk herinner aan afvalligheid, doen wat verkeerd is in God se oë en doen wat reg is in eie oë, God wat rigters stuur en aanstel om sy volk te verlos.

Droogtes in die Ou Testament: Natuurlike gebeure (Gen. 41:27; 1 Kon. 18:2; 2 Kon. 8:1), plantsiektes (brandkoring, heuningdou) en springkaanplae (Amos 4:9-10), geen gras (1 Kon. 18:5), Jahwe hongersnood gestuur (2 Kon. 8:1) het, verbondsoordele (Lev. 26:18-20; Deut. 28:23-24). In Rut net stelling: Hongersnood. Die ironie: Huis van brood (koring, mielies, olywe, amandels en druiwe) (Betlehem) is nou plek van hongersnood. Die Moabiete weier om hulle brood te gee toe hulle van Egipte na beloofde land getrek het (Neh. 13:1-2).

Hongersnood herinner aan die hongersnood in aartsvaderverhale [Abram na Egipte (Gen. 12:10), Isak na Filistyne (Gen. 26:1) en seuns van Israel na Egipte (Gen. 42:5)].

Betlehem/Efrata – in vroeë aartsvadertyd (Gen. 35:19; 48:7; Rig. 17:7-9) was Betlehem se naam, Efrata. Dit te onderskei van die Betlehem van Jos. 19:15. Hulle is die Efrat-familie uit Betlehem in Juda.

Rut 1:3-4 – Die familie van Efrat in die Moabitiese hooglande

Vrugbare hoogland (vlakte). Eerste krisis – Elimeleg sterf. Die Talmud beskou die dood van Elimeleg en sy twee seuns as ‘n straf omdat hulle Juda verlaat het en na ‘n vreemde land gegaan het. Ons teks swyg oor die oorsaak en rede vir hulle dood. God is koning, sterf, maar God bly Koning (ook in die vreemde land). Die getal 10 – Rabbynse eksegese: 10 jaar-oue kinderlose huwelik rede tot egskeiding. Herinner aan Sara wat na 10 jaar van kinderlose huwelik haar slaaf, Hagar, aan Abraham gee om nageslag te verwek. Vir ons interessant om oor na te dink, maar skrywer verklaar nie 10 jaar nie. Net dalk na ‘n tydperk? Troue met Moabitiese vroue.

Rut 1:5-7

Tweede krisis en terugkeer na Juda. Die name van karakters speel weer rol. Tweede krisis – seuns sterf en hulle huwelike is ook kinderloos. Hulle uitgelewer – sien verklaring bo by inleiding tot hoofstuk 1. Jahwe bring uitkoms – gee brood aan volksgenote in Juda. God omgesien, besoek sy volk. Dit herinner ons aan God se omsien na sy kinders in Egipte toe hy deur Josef hulle van hongersnood bevry het (Gen.45:5-8; 50:20).

Rut 1:8-22

Gaan terug na “**eie ma se huis**”. Dit is betekenisvol. In patriargale samelewing word die besluite nou aan “vroue” oorgelaat. Besluite word geneem na gelang van omstandighede. Die skrywer nie kommentaar lewer op Judeërs wat tuis gebly het of weggetrek het nie. Twee moontlike keuses: (i) by skoonfamilie bly (maar in hulle geval geen skoonfamilie nie); of (ii) terugkeer na eie familie. Naomi kies (ii). Sy dring daarop aan dat Rut en Orpa na hulle families moet gaan, want sy is te oud om kinders in die lewe te bring en by die tyd dat sy dalk seuns kan verwek sal hulle nie oud genoeg wees om as familie-beskermhere op te tree nie. Sy bid vir hulle ‘n tuiste en die huis van ‘n man toe. Die woord “tuiste” hou verband met permanensie, sekuriteit, voorsienigheid, teenoor onsekerheid en vreemdelingskap.

Naomi se interpretasie: Die hand van die Here is teen my (1:13), bitter gemaak (1:20), leeg laat terugkom (1:21), my Teenstander (1:21), my kwaad aangedoen (1:21). In Rut is God by haar teenwoordig.

Naomi praat van God se verbondsliefde *(hesed*) wat goed aan hulle moet doen. Dan die keuses van Orpa en Rut. Orpa keer terug na haar familie en haar god toe (wat verklaar word deur haar naam). Haar god is heelwaarskynlik Kemos.

Rut: Die woord "vasgeklou" hou verband met lojaliteit, intieme verhouding, jou familie te verlaat en by 'n ander familie aan te sluit. Ons lees in die Ou Testament van nie-Israeliete wat erkenning aan Jahwe verleen: Nebukadneser (3:28-29), Darius (Dan. 6:27-28), maar twee Ragab (Jos. 2:11) en Naäman (2 Kon. 5:15) wat bely dat Jahwe die enigste God is. Rut neem Jahwe aan as haar God, ook Naomi se familie as haar familie, haar volk is ook haar volk. 'n Moabiet wat deel word van die geloofsgemeenskap van Jahwe *(qahal Jahwe* – sien Deut. 23:3-4).

In die Ou Testament word die Almagtige geassosieer met God se kosmiese heerskappy (Ps. 68:14; Job 34:12-13), seëninge (Gen. 17:1; 28:3), die Een wat geregtigheid handhaaf (Job 27:14), oordeel (Job 27:14-23), beroep op die Almagtige vir hulp en redding (Job 8:5-6).

Hoe interpreteer ons hoofstuk 1?

- God en weduwees en wees (Eks. 22:22-24).
- Die rol van God as Almagtige.
- Droogtes, verlies van familie en besittings.
- Die inklusiewe geloofsgemeenskap (Moabiet en Judeërs).
- Gasvryheid, vreemdelinge haat.
- My bitterheid? My metgesel? My gedaanheid en sieklikheid? My lieflikheid? God is my Koning?
- Die verbondstaal: God se *hesed*, God aan die werk ten spyte van omstandighede.
- God nie bepaal deur lokaliteit nie – God is die Almagtige oor grense heen.
- Die misterie van God in gebeure – lyding (Job, Naomi, Psalms, Jeremia, Elia).